Die O. B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 7 Januarie 1948 No. 6

# KENTERING TEEN KOMMUNISME IN EUROPA?

**Die gang van die geskiedenis bly seker steeds die geheimsinnigste van verskynsels om presies vooruit te kan bepaal. Die grootste vrees sowel as die hoogste verwagtings blyk dikwels die een so ongegrond as die ander te wees. Ook tans weer skyn dit asof die geskiedenis 'n onverwagte wending neem wat moeilik te voorsien was: 'n plotselinge dalende neiging by die totnogtoe immerstygende lyn van kommunistiese magskonsolidasie.**

**Is dit die kentering? Dit lyk so.**

Om oor hierdie saak te kan oordeel is dit gerade om veral die gedagtes van dié deel van die Vasteland digby die ystergordyn wat Oos van Wes skei te verneem. Hierdie Europeërs het daar lewensbelang by om te weet wat voor die deur staan; **en hier word die geleidelik gevormde oortuiging uitgespreek dat iewers iets met kommunistiese strategie verkeerd loop.** Daarmee word dan nie te kenne gegee dat die stryd teen die invaller reeds gewonne is nie, dat daar nie nog veel te veg en te ly is nie; dog slegs dat in die geheel genome die gety begin keer. Elke revolusionêre stroom kom een of ander tyd sy uur van beslissing teen. Daarna gaan hy voort — of ten onder.

### TEKENS VAN DIE TYD

Die tekens? Binne een week, so wys die Europeër aan, het munisipale gewoonlik-nie-politieke verkiesing op minstens 'n stuiting van die kommunistiese vloedgolf in drie state van die Vasteland uitgeloop: in Frankryk, Noorweë, Italië. Buite die onmiddellike magsgebied van Stalin is daar geen kommunistiese groepe onder meer bekwame leiding as dié in Frankryk en Italië, veral Italië, nie. 'n Neerlaag aldaar dui dus op 'n diepliggende oorsaak.

### DIE REGSE WENDING

Die regse wending kom in die verskillende lande op verskillende en tipiese maniere tot uiting. In die betreklik-ewewigtige en gevestigde Noorse politieke lewe baat die ou burgerlike partygroepe by die wending; in die stormagtige Italië word selfs deur andersinds anti-kerklike groepe tot die Katolisisme die toevlug geneem in 'n poging om die Russiese wolf van die deur te hou; in die ekonomies-verwarde en verbrokkelde Frankryk is daar die meesleurende toeloop na die heldefiguur van De Gaulle — die historiese Franse neiging om nasionale verset en kragmeting om groot persone op te bou, 'n so oorheersende kenmerk dat die wêreldliteratuur daaraan die woord „bonapartisme" ontleen het om dit aan te dui. Van die Skandinawiese Noorde tot die Mediterreense Suide, tenspyte van die onderlinge afwykings van klimaat, volksraad en algemene toestande, staan dieselfde skrif aan dieselfde muur. Dis die antikommunistiese gety.

As teenargument kan die geringheid van die stemmetal wat die kommunisme eintlik verloor het aangevoer word. Daarop is die antwoord dat die kommunisme nie **getalle** soek nie dog die **mag**, wat toevallig in Wes-Europa op dié stadium deur getalle verkry moet word. In die stryd om die mag is stemmery vir hulle 'n tydelike middel, nie die uitlewing van 'n beginsel nie. **Die slag met hierdie demokratiese middel is deur hulle nou grotendeels verloor, en hulle kan daar geen troos in vind dat hul getalle tog aansienlik is hoewel 'n minderheid nie.** Getalle is nie wat hulle begeer nie — behalwe as dit hul aan die bewind kan help; en dit kon nie.

### ANTI-KOMMUNISTE VERENIG

Die waarnemers van Sentraal-Europa gaan nog verder. Hulle toon aan dat die kommuniste wat steeds na afloop van die oorlog teen hopeloos-verdeelde vyande opgetrek het, nou eindelik anti-kommunistiese eenheid op die volkere wat hul wou vernietig afgedwing het. Een groot voorsprong wat hulle gehad het is daarmee vir hulle verlore.

### TUISVESTINGS VAN KOMMUNISME VERLORE

**'n Ander en veel belangriker voorsprong is ook daarmee heen: die politieke beheer van juis die groot stede in genoemde lande.** Soos bekend was die kommuniste steeds meer begaan oor kwaliteit as kwantiteit, oor wie en nie soseer oor hoeveel hul ondersteuners is nie. Hulle was ook nie vér verkeerd in hierdie opvatting nie. **In die groot stede van die wêreld en van Europa heel in besonder het die kommunisme sy aanhangers gaan werf**

(Vervolg op bladsy 5)

## Duitse Volk Word Ligter

**Die Duitse manlike bevolking het gemiddeld 20 pond aan gewig verloor sedert die einde van die oorlog, en die vroue 12 pond, volgens vasstelling van die Neurenbergse gesondheidsinstituut.**

# Unie Anneksseer Twee Eilande Vir Brittanje?

**Na 'n geheimsinnige verdwyning van 'n paar weke na die Suidpoolstreke het dit hierdie week aan die lig gekom dat die Suid-Afrikaanse oorlogskepie, Transvaal, twee onherbergsame eilande vir die Unie gaan annekseer het. Hulle is die Prince Edward- en Marion-eilande ongeveer 1,400 myl ten suidooste van die Unie. Die grootste van die twee eilande is 90 vierkante myl. Hulle is onbewoonbaar behalwe as alle voorrade, met uitsondering van drinkwater, van elders aangebring word.**

**Die feit dat die anneksasie gelyktydig met 'n dergelike onderneming van Australië ten opsigte van die Heard-eiland — 2,500 myl ten suide van Australië — plaasgevind het, word deur die Engelse pers vertolk as 'n uitkoms van die besoek van veldm. Montgomery aan Australië en die Unie, en dat dit dus deel vorm van die Britse oorlogstrategie. Die eilande sal dan in militêre of lugbasisse omskep word. In Brittanje is die nuus van die anneksasie met groot gebaar in die pers aangekondig, wat minstens op goeie begrip van Britse kant dui.**

## Hen 13 Maal Meer Werd As Mynwerker

Een van die groot moeilikhede in Duitsland is dat 'n hoenderhen meer verdien as 'n steenkoolgrawer, het senator Knowland by sy terugkeer in Amerika verklaar.

Hy het gesê dat hy tydens sy onlangse besoek aan Duitsland 'n geval teëgekom het waar 'n hen vyf eiers per week lê, wat verkoop word vir ongeveer 800 mark op die swartmark. Die eienaar van die hen, 'n steenkoolgrawer, daarenteen, verdien slegs 60 mark per week. Die gevolg is dat die mynwerker net twee dae per week steenkool grawe en die res van die tyd bestee om kos te soek vir sy hen.

## Birma Word Republiek

Die Union Jack is op 6 Januarie met groot plegtigheid twee uur voor dagbreek in Birma neergehaal by geleentheid van die formele verbreking van die land se bande met Brittanje en die aanvaarding van republikeinse selfbestuur. Die Britse goewerneur het reeds die dag tevore al vertrek.

Die Britse vlag is stadig neergehaal en toe dit grond vat, het 'n orkes die Birmaanse volkslied aangehef onderwyl die vlag van die republiek gehys is.

# PARTYE ONMAGTIG SÊ DE GAULLE

**„Wanneer besluite geneem en toegepas moet word, faal 'n regering wat op partye berus," het genl. De Gaulle, leier van die Franse volksbeweging Sondag in 'n toespraak gesê waarin hy 'n algemene verkiesing geëis het met die oog op Frankryk se finansiële krisis.**

**De Gaulle het gesê dat die heerskappy van partye onversoenbaar is met 'n ware volksregering, en dat 'n party bewind inherent onbekwaam is om 'n stabiliserende program deur te voer. „In die afgelope 23 maande het ons ses regerings gehad. Elkeen het ons sake gevoer tot op 'n laer peil as sy voorganger."**


Sommige waarnemers is van mening dat De Gaulle se volksbeweging voor April nog aan bewind sal wees. **Die huidige Schuman-bewind worstel nog steeds om die frank te red as betaalmiddel, en moes sy oorspronklike plan reeds aansienlik afwater op aandrang van die regse partye en Kommuniste.**

## Segregasie In Amerika

Dit is nie so algemeen bekend nie dat daar in Amerika 'n aansienlike mate van segregasie beoefen word ten opsigte van die hoër onderwys. In Washington is daar net een universiteit wat Negers toelaat. Na aanleiding hiervan het 'n kommissie so pas aanbeveel dat wetgewing hierdie jaar ingedien moet word wat segregasie in universiteite onwettig maak. **Daar bestaan egter groot twyfel of hierdie wetgewing ooit aangeneem sal word. Die Suidelike state sal, na gemeen word, daarin slaag om dit afgestem te kry. Hulle standpunt is dat die vraagstuk van diskriminasie opgelos moet word deur afsonderlike inrigtings vir negers.**

## Sneller Bespuiting

**'n Nuwe spuitmasjien vir vrugteboorde is onlangs in Engeland gedemonstreer. Drie mans en 'n seun kan, na beweer word, maklik 30 akkers per dag bespuit. Die masjien word deur 'n trekker getrek en beskik oor 'n 125 perdekrag-enjin waarmee die waterpomp en windblaser gedryf word. Die windblaser kan die krag van 'n storm van 100 myl per uur verwek.**



„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# GEVAAR DAT OPPOSISIE SLAANKRAG KAN VERLOOR

**Politiek in Oënskou deur Waarnemer**

Sedert ek verlede keer aangetoon het hoedat die Herenigde Party besig is om die inisiatief ten aansien van die komende verkiesing aan die Verenigde Party te verloor is my pessimistiese beskouing eerder bevestig as andersins. Hoewel die Opposisieparty hom voorstel as die alternatiewe regering handhaaf die party van dr. Malan blykbaar 'n kroniese onmag of onwil om met 'n alternatiewe beleid voor die dag te kom.

Die Opposisieleier het wel onlangs in sy kiesafdeling verklaar dat sy party van plan is om hul kleurbeleid bekend te maak — maar voorlopig bly dit nog steeds onbekend.

Daarenteen het die V.P.-kongresgangers op Pretoria dawerend gejuig toe mnr. Harry Lawrence, nuutvars uit Lake Success, onder hulle verskyn het: want minister Lawrence is mos die man wat op „skitterende" en „geslaagde" wyse die saak van blank Suid-Afrika op die vergadering van die V.V.O. verdedig het! Later het veldm. Smuts die seël op die V.P. se „kampioenskap" van blank Suid-Afrika gedruk deur kalmpies die gelykstellingsleer tussen wit en swart te verwerp en sy party te verbind tot die handhawing en beskerming van blanke leierskap in Suid-Afrika. Voorts het veldm. Smuts sonder om te blik of te bloos oor 'n teenstrydige verlede, homself en sy party aan die spits geplaas van 'n kruistog teen die gevaarlike kommunisme.

## 'N VRAAG

In ag geneem die Opposisieparty se stagnasie ten aansien van sy kleurbeleid en gelet op die regeringsparty se toenemende propaganda ten opsigte van sy kleurbeleid, moet die vraag beantwoord word: **watter kanse het die H.N.P. om die V.P. by die komende verkiesing oor die kleurvraagstuk te verslaan?** Want dit gaan 'n kleurverkiesing wees het dr. Malan lank gelede reeds aangekondig.

Dat die Opposisie (veral as gevolg van die vennootskap met die Afrikanerparty) die stemme van die nasionaalgesindes sal kry kan redelikerwys aangeneem word. **Maar sal die Engelssprekendes, die tradisionele Sappe en die vlottende kiesers vir dr. Malan, mnr. Strydom, mnr. Swart en Kie. stem omdat hierdie here vir blank Suid-Afrika staan; en sal hulle teen veldm. Smuts, mnr. Harry Lawrence en Kie. stem omdat hierdie ministers vir 'n swart of baster Suid-Afrika staan?**

In die lig van wat reeds plaasgevind het klink so 'n geloof naïef.

## 'N NUWE TIPE

**As die Opposisie 'n stembusoorwinning wil behaal sal hulle boonop die aparte belangeloosheid en gebrek aan geesdrif nie alleen by die breë kieserskorps nie, maar boweal by hul eie mense moet oorwin.** Dis nodig om te vra wat die oorsaak is van die lamheid wat ons nasionale politiek vandag oorheers. Ek dink dit moet toegeskryf word aan 'n vry algemene oortuiging dat ons nasionale politiek die sedelike krag van opregtheid mis. **Daar is te veel uitoorlêery in ons politiek. En daar is ook glad te veel uitoorlêers. Dit het hoog tyd geword dat sommige van die ou en selfs jong knolle plek moet maak vir nuwe bloed.** Dit ly geen twyfel dat ons nasionale openbare lewe behoefte het aan 'n nuwe tipe openbare figuur nie. 'n Nuwe erns en 'n nuwe opregtheid in ons politiek sal ongetwyfeld weer nuwe lewe en nuwe geesdrif bring.

Die opkomende Afrikanerparty kan in hierdie verband beslis 'n baie belangrike bydrae lewer.

Die party het gegroei uit die Hertzog-tradisie van blanke opregtheid en stipte eerlikheid. Mnr. Havenga word deur vriend en vyand met hierdie eienskappe vereenselwig; en as die party daarin kan slaag om jong manne in ons openbare lewe te stoot wat uitoorlêery en knoeiwerk verafsku en wat opregtheid en eerlikheid nastreef dan kan die party 'n geweldige sedelike krag in ons openbare lewe word.

## SETELVERDELING

Daar is in die pers aangekondig dat die H.N.P. 'n Transvaalse kommissie benoem het om dr. Malan behulpsaam te wees met die toekenning van Transvaalse setels aan die Afrikanerparty.

Die benoeming van slegs 'n Transvaalse kommissie het aanleiding gegee tot die gerug dat die H.N.P. voorneme is om net in Transvaal setels aan die A.P. toe te ken; en die feit dat nòg mnr. Strydom, nòg sy hoofluitenant, dr. Verwoerd, op die kommissie dien is oorsaak van die gissing dat mnr. Strydom glad nie genoeë neem daarmee dat Transvaal die hele kwota van A.P.-setels moet oplewer nie. Die Transvaalse H.N.P.-leier voel glo dat Keeromstraat hom wil uitoorlê: aangesien Keeromstraat in al die ander provinsies oorheers wil hulle die A.P. uit hulle „Lebensraum" hou en terselfdertyd mnr. Strydom se vlerke, wat na hulle sin te lank word, 'n bietjie knip.

## UNIAAL

Ek hoop van ganser harte dat hierdie gerugte onwaar is en dat dr. Malan dit vroegtydig sal ontken. **In die eerste instansie is die A.P. 'n Uniale party met lede en takke in al die provinsies. Om die A.P. in Transvaal te segregeer sal die slaanlus van die party in die ander provinsies onteenseglik aftaan — met gevolglike verswakking van die opposisie as geheel.** In die tweede plek is dit noodlottig vir die H.N.P. om op hierdie stadium die misnoeë van sy stramme Transvaalse leier op te wek.

In die tussentyd is die Afbakeningskommissie se verslag (in Engels) gepubliseer en daar kan verwag word dat mnr. Havenga en dr. Malan binne afsienbare tyd samesprekings sal begin voer met die oog op die toekenning van setels aan hul onderskeie partye.

# WEKROEP VAN GEBIEDSLEIER

Genl. J. G. S. Opperman, Gebiedsleier van Gebied E, skryf as volg:

Ossewabrandwaglede! Brandwagte — in die egte sin van die woord, oor die lengte en breedte van ons land, en in besonder van Gebied E, ek salueer julle.

Waar ons alweer aan die begin van nog 'n betekenisvolle jaar vir ons volk, en in besonder vir die O.B.-gedeelte van ons volk staan, wil ek graag van hierdie geleentheid gebruik maak om hulde te bring aan die kamerade wat nog steeds vasstaan by ons beginsels en terselfdertyd 'n stille gebed op te stuur vir krag en genade vir hulle van ons geliefde volk wat nog sluimer of nog steeds in die vyand se kamp is.

Gedurende die afgelope maand van feestelikhede was dit die gebruik dat almal wat leef, Vrede! Vrede! skree of prewel, maar vir ons in die Ossewabrandwag is daar geen vrede behalwe dié wat ons Saligmaker vir ons verwerf het nie, want hoe kan daar vrede vir die Afrikanervolk wees, solank sy heiligste beginsels verkrag word? Nee Brandwagte! ons het die stryd aangeknoop, en solank daar 'n enkele O.B. oorbly sal die stryd aangaan.

Gebied E! Ek wil hulde bring aan alle Brandwagte wat hulle plig vervul het in die moeilike jaar wat verby is. In uiters moeilike omstandighede het ons presteer.

Ons het fluks gevorder, maar ek vertrou en maak staat op julle om, in hierdie jaar nog meer as ooit julle kragte in te span, ten einde alle moeilikhede



**Genl. Opperman**

uit die weg te ruim, en sorg te dra dat ons op alle gebiede opgewasse sal wees vir enige gebeurlikhede. Onthou, Brandwagte, toe die organisasie as sodanig, deur intimidering en internering in nood verkeer het, was die persoon van ons geliefde K.G., dr. Van Rensburg vir ons, een en almal 'n inspirasie, **en nou, dat hy, ons K.G., bedreig word, is dit ons plig om hom, meer as ooit te vore te inspireer, ja te inspireer met daad, en niks minder nie.**

Tenslotte neem ek die geleentheid te baat om ons Kommandant-generaal en alle Brandwagte 'n besonder voorspoedige Nuwejaar toe te wens. Mag ons een en almal gereed gevind word vir die reusetaak wat op ons wag in die toekoms, en mag die nuwe jaar ons nie aan die slaap vang nie. Die O.B. Lewe, Lewe die K.G.!

# K. G. Woon Op Eiland

**Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, is tans woonagtig op Graaff-eiland digby Parys in die Vaalrivier. Hy het sy plaas op Pyramid verkoop en die eiland aangekoop waar hy voornemens is om te boer.**

**Alles wat na die eiland geneem word, moet met 'n skuit of pont oorgebring word.**

# Nuwe Lewe In Oos-Kaapland

**BURGERSDORP. — Aansienlike aanwins in die ledetal van die O.B. in die Oostelike Provinsie nadat daar intensief gearbei is, is deur genl. Du Plessis, Stafhoof van Gebied B, aangekondig toe hy offisiere van die Burgersdorpse kommando op 18 Desember ontmoet en toegespreek het.**

Baie persone wat in 1941 van die O.B. af weggebreek het, het weer hul pad na die O.B. teruggevind en hul ledegeld betaal.

Sake van organisatoriese belang is bespreek en komdt. P. Venter is aangestel as kommandant in die plek van komdt. Willie van Rooy. Daar is met dank melding gemaak van die getroue diens wat komdt. Venter sedert 1939 in die Ossewabrandwag verrig het.

Die offisiere het ook besluit dat wanneer sprekers van die Afrikanerparty Burgersdorp besoek en 'n tak plaaslik wil stig, hulle hul volle steun aan die A.P. sal toesê.

Hfkomdt. J. V. Coetsee het voortgesit. — (Kor.)

# Tweeling-Kommando Weer Op Stryk

Die Tweeling-kommando is weer besig om in ledetal toe te neem. Na die volkskeuring in 1941 was daar 'n doodsheid onder die lede, want hulle was moedeloos en teleurgesteld, maar nou, na taaie volharding het daar lewe gekom en is hulle besig om met skouer aan die wiel hulle deel by te dra om die volkswa uit die modder te red.

Op 'n goed bygewoonde vergadering wat op 28 Nov. gehou is, is die plan om 'n veld-organiseerder in ons midde te kry verwelkom, daar so 'n organiseerder by ons, al is dit slegs vir 'n paar dae, die twyfellaars kan wakkerskud. Die Kommando sal finansiële steun verleen sover moontlik, en die veldkornette sal met so 'n persoon gratis die ronde doen.

Vryheidsdag op 27 Februarie sal weer soos gewoonlik op die dorp gehou word, en alle Afrikaners is welkom. Daar sal die middag 'n gesellige byeenkoms wees en die aand sal die vuur brand.

Die kommando sal ooreenkomstig 'n wenk van die kommandante maandeliks iets stort vir die noodhulp.

**Na afloop van die vergadering het persone wat nog nooit iets met die O.B. gemeen gehad het nie, aansoek gedoen vir lidmaatskap; daar hulle gedurende die vergadering gesien het dat die O.B. niks te doen het met partypolitiek nie, en hulle moeg is vir die partygetwis.**

Die Vergadering is geopen met gebed deur oom Dawid Maree en die Kommandant het dit afgesluit met 'n dankgebed. (Korr.).

# Tsetsevlieg Se Dae Getel

Die uitroeiing van die tsetsevlieg deur bespuiting met DDT skyn 'n groot welslae te wees, volgens verklaring van dr. G. Campbell, voorsitter van die Vereniging ter bewaring van Wildlewe, na 'n besoek aan die plekke in Zoeloeland waar proefnemings met DDT uitgevoer was.

Dit is duidelik dat die vlieë deeglik uitgedun is in die betrokke streke, en lokvalle trek tans baie minder as voorheen. Die vrees dat DDT ook ander nuttige insekte soos bye sou uitroei, is gelukkig nie bewaarheid nie. Indien die proefnemings 'n algehele sukses blyk te wees meen mnr. Campbell dat dit ook in ander dele van die land teen ander soorte plae aangewend kan word.

Om voort te gaan met die uitroeiing van wild in dergelike omstandighede beskou hy as misdadig.

# EREGRAAD VIR VAN WYK LOUW

'n Eredoktoraat in die lettere en wysbegeerte is deur die Ryksuniversiteit van Utrecht (Nederland) aan die Afrikaanse digter N. P. van Wyk Louw aangebied. Die eerbewys sal op die stigtingsdag van die Universiteit toegeken word, maar dit is twyfelagtig of die digter persoonlik teenwoordig sal kan wees.

# Groot Eetlus Ondanks Oorlog

Slegte nuus omtrent die oorlog kon niks doen aan die eetlus van Winston Churchill nie, verklaar veldmaarskalk Allanbrook, wat eenmaal saam met Churchill na Amerika gevlieg het op 'n tydstip toe die oorlog donker voorspellings vir Brittanje ingehou het.

Churchill het voor die vertrek van die vliegtuig aan die tafelbediende gesê om te sorg vir 'n volle maaltyd elke vier uur. „Moet my nie lastig val met tydsveranderinge nie; my maag is my horlosie en ek wil 'n ete elke vier uur hê," het hy beveel.

„Ons het elke vier uur 'n maaltyd gehad en 'n ete met mnr. Churchill is ook glad nie 'n droë affêre nie," het die Veldmaarskalk daaraan toegevoeg.

# Medalje Om Misdaad Te Bestry

'n Ereteken bekend as die „Medalje van die Franse Gesin" word tans in Frankryk uitgereik om die toenemende jeugmisdaad te beveg.

**Gedurende die afgelope elf maande het daar nie minder as 400,000 kinders voor die hof in Frankryk verskyn nie.** Dit is 4,000 meer as verlede jaar. In 1938 was die getal jeugmisdadigers 12,000.

Om ouers aan te moedig om beter agter hulle kinders te kyk, word hierdie medalje nou uitgereik aan ouers wat aan die voorskrifte voldoen. Ouers wat daarin slaag om by hul kinders eerbaarheid in te prent, 'n liefde vir werk aan te kweek, ens. ontvang hierdie medalje.

„DIE O.B.", WOENSDAG, 7 JANUARIE 1948

# Ons Pad Loop Deur Huidige Toestande

Met die intree van die nuwe jaar mag die vraag gestel word watter plek die Ossewabrandwag in die toekoms en veral in hierdie jaar gaan inneem in ons volkslewe. Vir die oortuigde O.B.-lid is dit nie moeilik om hierop te antwoord nie — sy hart het hom die antwoord al klaar gegee toe hy nege jaar gelede tot die Beweging toegetree het en sedertdien ten spyte van die kwaaiste vervolging getrou vir sy oortuiging bly staan het. Op daardie tydstip was die beleid van die Ossewabrandwag nie volledig uitgestippel nie, soos dit trouens vandag ook nog nie ten volle die geval is nie. Die Ossewabrandwag glo dat die lewe 'n proses is en dat net so min as wat jy 'n boom by die planting daarvan kan afteken soos hy volgroeid daar sal of moet uitsien, net so min kan jy 'n politieke program opstel wat vir alle tye moet dien. Omstandighede verander voortdurend en slegs die dwaas sal die veranderlike toekoms tegemoet gaan met sy verkreukelde reseppie van eergister. Ons glo aan 'n koers en as daardie koers oor berge lei, dan spreek dit vanself dat ons anders te werk gaan as in die gelyke vlaktes. Daar mag skynbaar soms van die koers afgewyk word, soos daar deur 'n bergpas gevleg en gekronkel word, maar die uiteindelike bestemming bly onveranderd. **In 1938 het die Ossewabrandwag met sy koers gekom. Dit was eenvoudig en saaklik gemotiveer: Volkseenheid, volksvryheid en volksbroederskap.** Dit was 'n koers wat as 't ware vanself voortgespruit het uit die nasionale ontwaking van die Eeufees. Daar was geen uitgewerkte programme nie. Inderdaad was daar nie eens 'n konstitusie vir die organisasie se samestelling nie; dit het eers 'n jaar ná sy ontstaan die lig gesien. En tog, die volk het na die Ossewabrandwag gestroom omdat hulle sy koers besef het — 'n enkelvoudige koers wat nòg deur oorlogsgeweld nòg deur serenegesang beïnvloed kon word.

**HUIDIGE OMSTANDIGHEDE**

Maar nou staan ons voor die omstandighede van die jaar 1948. Anderkant 1948 sien ons nog ons pad uitslaan na ons bestemming van volkseenheid, volksvryheid en volksbroederskap, maar rondom ons sien ons die bosse en rante van huidige omstandighede. In die verskiet sien ons 'n volk wat met saamgebalde energie hom wy aan sy roeping; voor ons sien ons 'n volk wat deur partyverdeeldheid aan die voete van sy vyande lê. Daar vér sien ons 'n volk wat die septer swaai oor wat hy sy eie noem; voor ons sien ons 'n volk wat uitgelewer word aan die belange van vreemdes. Aan die end van ons pad sien ons 'n volkshuisgesin waarin die Kains-antwoord vervang sal wees deur 'n positiewe: „Ja, ek is my broer se wagter"; voor ons sien ons die gejaag na selfverryking oor die liggame van gevalle volksgenote. Daarom sal ons in die jaar wat voorlê nie blindelings kan afstorm op ons eindideaal nie. **Ons het rekening te hou met feite en omstandighede om ons.** Daar is in die eerste plaas 'n dreigende oorlog op die gesigseinder waarvan Suid-Afrika nie verskoon sal word nie. Oorlogmaak is nie deel van die O.B. se koers nie, maar oorloë beïnvloed dit wel. **Daarom sal die Ossewabrandwag sy plek in 'n volgende oorlog, en wel teen die godlose kommunisme, vroegtydig in oorweging moet neem. Waar hy agt jaar gelede sonder aarseling homself kon afsonder van die wêreldbotsing sal hy hierdie keer homself moet vergewis van die dinge wat op die spel is en dienooreenkomstig sy keuse doen.**

**VERKIESING**

Daar is in die tweede plek 'n belangrike parlementêre verkiesing op hande. **Waar die Ossewabrandwag prinsipieel die parlementêre stelsel verwerp as volksvreemd en volksverdelend, het hy nietemin rekening te hou met die bestaande feit, soos hy trouens nog altyd sedert sy bestaan gedoen het deur sy steun toe te sê aan wat hy as in die beste belang van die volk binne die huidige stelsel beskou.** Hierin het die Ossewabrandwag reeds deur middel van sy vriendskap met die Afrikanerparty en sy beywering vir 'n gesamentlike volksfront reeds sy plek bepaal.

Ten slotte is daar die groot rassevraagstuk. **Hierin veral sal dit die taak van die Ossewabrandwag wees om as breë volksbeweging die suiwere perspektief te behou en voor te hou.** Van ons kant sal ons moet sorg dat hierdie vraagstuk nie vertroebel word deur kortstondige politieke oorwegings nie en nog minder deur vreesaanjaging. Die oplossing kan gevind word alleen op die grondslag van geregtigheid wat die behoud insluit van sowel die blanke- as die naturellevoortbestaan.

Om dan op te som: In die jaar wat voorlê sal die Ossewabrandwag sy gewig inwerp waar dit nodig mag wees vir die belang van ons land en volk, **maar hy sal dit doen sonder prysgawe van sy ideale waarin hy die enigste hoop op duursame en bestendige volksarbeid en volksvrede sien.**

# 1947 en 1948

*Deur Dr. J. A. Wiid*

**Aan die einde van 'n ou jaar en aan die begin van 'n nuwe jaar is daar by elke mens wat nie slegs van dag tot dag 'n bestaan voer nie, die neiging om 'n blik terug te werp, die ou jaar in oënskou te neem, allerhande toekomsdrome vir die nuwe jaar te droom en om die gebeure van die ou jaar met die moontlike en waarskynlike gebeure van die nuwe jaar te vergelyk. Wat die wêreldgebeure van die ou jaar 1947 betref, sal daar min mense wees wat daaroor in vervoering sal raak. En wat die nuwe jaar 1948 betref, sal dit alleen 'n blinde optimis wees wat veel ligpunte in hierdie of ons wêreld van ons sal ontdek.**

**AMERIKA**

Die Nuwe Wêreld, d.w.s. Noord- en Suid-Amerika het ook gedurende die afgelope jaar bewys gelewer dat hy in vergelyking met die ou verarmde, verwoeste en ontwrigte wêrelddele Europa en Asië, die kontinent is waar die woord **volop** nog gebruik kan word. Veral die V.S.A., die vernaamste Amerikaanse en wêreldmoondheid, het gedurende die afgelope jaar ontsaglik in materiële welvaart en aansien toegeneem. Nog nooit was die Amerikaanse volksinkome so hoog nie, nog nooit het die almagtige dollar so 'n wêreldrol gespeel nie en nog nooit in die verlede het Washington en New York op so 'n kolossale mate die toon in die wêreld aangegee as in 1947 nie. Nie meer Amerikaanse isolasie nie maar Amerikaanse ingryping in alle wêrelddele. In 1947 het ons gehoor van 'n Truman-leer, 'n Marshal-plan, dollarlenings aan verskillende lande en van Amerikaanse dit en dat. Die verhoogde prestige waarmee die V.S.A. as oorwinnaar uit die jongste wêreldoorlog getree het, is in 1947 nog verder verhoog. Die huidige Amerikaanse magsposisie in die wêreld moet grotendeels daaraan toegeskryf word dat sy bondgenote, met een uitsondering, almal brandarm en verswak die oorwinningsoorlog oorleef het, terwyl die vyandlande vernietig en uitgeskakel is.

**AMERIKAANSE SORGE IS WÊRELDSORGE**

In 1947 het die magtige V.S.A. egter ook groot sorge gehad. Sy nywerheidslewe is deur 'n vloedgolf van stakings ontwrig. Sy buitelandse politiek het in Rusland 'n gedugte teenstander gevind. Dit is miskien die uitstaande kenmerk van die jaar 1947 dat die kloof tussen die V.S.A. en die Sowjet-unie 'n voldonge feit geword het. Alle hoop om hierdie twee Grotes met mekaar te versoen, het in 1947 verdwyn. Dit is nie slegs 'n kloof tussen hierdie twee Grotes nie, maar 'n geval van botsings wat reeds kronies geword het. Hierdie botsings het weliswaar nog nie die vorm van wapengeweld aangeneem nie, maar die dooie punte waarop hulle herhaaldelik uitloop, is reeds 'n soort van oorlog wat aan die Europese stryd gedurende die winter van 1939 — 1940 herinner. En dis nie 'n stryd tussen die V.S.A. en die Sowjet-unie alleen nie, maar 'n stryd tussen twee wêrelde, 'n stryd tussen die Weste en die Ooste.

Behalwe hierdie botsing tussen die V.S.A. en Rusland, 'n botsing wat reeds sy skaduwee oor die wêreld van 1948 werp, het die V.S.A. ook met ernstige binnelandse sorge soos inflasie te doen. Hierdie inflasie van die dollar en die gevolglike styging in die pryse van noodsaaklike Amerikaanse fabrikate en lewensmiddele kan nie anders as 'n uiters nadelige uitwerking op die nywerheidslewe van die V.S.A. en op Amerikaanse hulpverlening aan Europa en Asië hê nie. Die jaar 1948 sal waarskynlik 'n hewige dollar- en nywerheidskrisis in die V.S.A. sien, 'n krisis wat deur 'n presidentsverkiesing vererger kan word.

**BRITTANJE EN DIE EMPAAIER**

Die jaar 1947 was ook vir Brittanje 'n krisisjaar. Daar was die sogenaamde Dollarkrisis wat die Britse regering tot drastiese besuinigingsmaatreëls genoodsaak het. Voorts was daar steenkool- en nywerheidskrisisse wat ook deel bygedra het om die lewe vir regering en volk moeilik te maak. Die nasionalisasiebeleid van die huidige sosialistiese regering sal nog bewys moet lewer dat hy die geneesmiddel van Britse krankhede is. Hoewel die jaar 1947 vir Brittanje gelukkiger geëindig het en wat hy begin het, is die Britse sorge nog altyd legio. Net soos die V.S.A. het ook Brittanje vandag met inflasie, loon- en prysstygings te doen wat nie anders as 'n nadelige uitwerking op die stabiliteit van sy nywerheidslewe kan hê nie. Deur die verswakking van Frankryk en die vernietiging van Duitsland, Japan en Italië staan die Eilandryk oppervlakkig gesien, in 'n sterk posisie. In werklikheid het Brittanje 'n bedelaarsland geword. Die aalmoese van die V.S.A. en die Empaaier, al dra hulle soms die naam van lenings, is belangrike hulpmiddele wat die Britte help om 'n fatsoenlike lewe te voer.

Die jaar 1947 het ook belangrike veranderings en inkrimpings in die Britse ryk gesien. Indië is in twee state, elkeen met Dominiale status, verdeel. Die wil skyn of hierdie twee nuwe Dominiums in die wieg gelê is vir 'n bloedige oorlog van hul eie. Die nuwe status is reeds ingelui deur massa-moorde, brandstigtings en volksverskuiwings op groot skaal. Dit is egter opmerklik dat die twee Indiese Dominiums nie hul onderlinge geskille of hul geskille met ander lede van die Britse Statebond na Downingstraat verwys nie, maar na die V.V.O. in New York. Wat die Indiese brousel in 1948 en die nabye toekoms ookal mag oplewer, een ding is seker en dit is dat Indië opgehou het om die „skitterendste juweel" in die Britse kroon te wees en dat die nuwe Dominiums waarskynlik die weg sal volg wat gedurende die jongste oorlog deur die Ierse Vrystaat gebaan is.

Origens het die Britse terugtrekkings ook uit ander gebiede gevolg. Eers was dit Egipte en nou is dit weer Birma wat so ewe 'n onafhanklike republiek geword het. Die oombliklike kokende pot is egter die Britse mandaatgebied van Palestina. Hier sit die Britte met die hande in die hare oor hul eie maaksel, d.w.s. teenstrydige beloftes aan Jode en Arabiere gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Die gevolg is 'n soort driehoekige stryd in Palestina waar die Brit daarin geslaag het om twee bittere vyande soos Jode en Arabiere ook sy vyande te maak. Hier is 'n geval waar die verdeel-en-heers-beleid nie geslaag het nie. Britse terugtrekking uit Palestina is vir 1948 reeds aangekondig en dit is glad nie onmoontlik nie dat die Palestynse vraagstuk binne afsienbare tyd tot 'n baie netelige internasionale vraagstuk kan ontwikkel.

**DIE RES VAN DIE WÊRELD**

Ook vir ander Europese en Asiatiese lande het die jaar 1947 weinig goeds gebring en is die jaar 1948 weinig belowend. Selfs oorwinnaarslande soos China en Frankryk wat soms ook onder die Grotes gereken word, is deur ernstige binnelandse moeilikhede lamgeslaan. In albei hierdie lande is dit in hoofsaak 'n inwendige stryd tussen Kommuniste en nie-Kommuniste met die Bolsjewistiese Kremlin as spooksel steeds op die agtergrond. As die jaar 1948 'n oorwinning vir die nie-Kommuniste wil sien, dan sal die V.S.A. hom moet roer. In Griekeland en Turkye staan Amerika reeds op die voorpunt van die stryd teen die Kommunisme. Nie op die V.V.O. se vergadering en veiligheidsraad nie maar op die V.S.A. het die nie-Kommunistiese wêreld sy hoop gevestig, net soos die kommunistiese wêreld na Moskou vir redding opsien.

Intussen is die lot van die gewese hoofvyande Duitsland en Japan uiters haglik. Nog altyd is daar weens die tweespalt tussen die Weste en die Ooste geen vredesverdrag met hierdie lande gesluit nie. Nog altyd is dit besettingsleërs wat die hoogste woord voer en moet miljoene krygsgevangenes slawedienste verrig. Die jaar 1947 was veral vir Duitsland wanhopig-ellendig. Sal die jaar 1948 met sy Marshall-plan verligting bring? Of gaan ook die V.S.A. geweeg word en te lig bevind word?

## TWYFEL AAN DEMOKRASIE IN V.S.A.

Die vrees dat Amerikaners vertroue begin verloor in die demokrasie se vermoë om nuwe toestande die hoof te bied, is deur mev. Roosevelt, weduwee van die voormalige president, uitgespreek in haar hoedanigheid as voorsitster van die V.V.O. se kommissie insake menslike regte.

„Ons beweeg in die rigting van sekere onderdrukkende maatreëls wat nie nodig sou wees indien ons volkome seker was van ons vermoë om die demokrasie te laat werk nie."

## Britse Minister Se Opvatting Oor Reinheid

**Die Britse minister van brandstof, Hugh Gaitskell, het kort gelede 'n beroep op die Britte gedoen om minder te bad: „Ek het self nog nooit baie gebad nie. Ek kan diegene wat so graag gereeld bad verseker dat dit hoegenaamd geen verskil aan hul gesondheid maak nie, en wat hulle persoonlike voorkoms betref, is die meeste daarvan onder hul klere bedek en niemand sien dit nie."**

# Eensgesindheid By Grafte van Helde: Kranslegging In Pretoria

**Die Ossewabrandwag van Pretoria het op Saterdag, 20 Desember, die dag waarop Jopie Fourie gefusileer is, weer in groot getalle opgekom om deel te neem aan die plegtige kranslegging op die grafte van wyle President Kruger, Jopie Fourie, genl. Manie Maritz en Steve Hofmeyer, beter bekend as „Owerste". In die verlede het die O.B. altyd alleen aan hierdie optog deelgeneem, dog vanjaar het die Nasionale Jeugbond ook amptelik meegedoen.**

Die optog het begin vanaf die huis van pres. Kruger, en was gelei deur 'n speerpunt van Boerejeugdogters met O.B.-vlae. Agter hulle het gevolg eenhede van die Boerejeug, O.B.-vroue en Wageenhede en heelagter het gevolg lede van die publiek en ander organisasies wat nie in uniform geklee was nie.

By al die grafte het die dogters met vlae 'n erewag rondom die graf gevorm. By die graf van pres. Kruger het ds. H. F. V. Kruger voorgegaan met Skriflesing en gebed en na 'n kort toespraak het hy 'n krans namens die Ossewabrandwag gelê. 'n Dogter van die Nasionale Jeugbond het ook namens die bond 'n krans gelê.

By die graf van Jopie Fourie het prof. A. N. Pelzer 'n kort woord gevoer en na die sing van „Die Lied van Jong-Suid-Afrika" is verskeie kranse gelê.

Hiervandaan is die optog per motor na die Nuwe Kerkhof waar Frikkie Fourie wat kort gelede uit die Gevangenis ontslaan is, 'n kort woord gevoer het by die graf van „Owerste", oor die kleurryke loopbaan van adv. Steve Hofmeyer.

By die graf van wyle genl. Maritz het gebiedsleier H. M. v. d. Westhuysen die woord gevoer en 'n krans namens die Ossewabrandwag gelê, waarna die Transvaalse Volkslied gesing is. Vanhier het die Boerejeug na die graffie van 'n ontslape boerejeuglid, Pieter Buys, marsjeer, 'n oomblikkie stil gestaan en 'n krans gelê.

Die kranslegging was gelei deur genl. J. F. Marais en die optog was georganiseer en waargeneem deur komdte. Jos Prinsloo en Vale Ferreira. — (Korr.).

## Afrikanerparty-Tak Op Calvinia

'n Tak van die Afrikanerparty is onlangs op Calvinia gestig en die volgende bestuur is saamgestel:

Voorsitter: Mnr. Francois van der Merwe.

Sekundus: Mnr. Tromp Nel.

'n Voorlopige sekretaris is gekies tot tyd en wyl die organisasie op hegter grondslag geplaas is.

Komiteelede: Mnr. Jan Steenkamp, dr. S. H. Kühn.

Die komitee is voornemens om takke dwarsdeur die distrik te stig. 'n Geruime aantal lede het al aangesluit.

## Kentering Teen Kommunisme In Europa?

(Vervolg van bladsy 1)

en ook gevind in die geledere van die proletariaat, die arbeidersmassas, en die lae burgerstand. Hul leiers het geweet dat revolusies in die groot stede gebore word, dat wat ookal die deugde van die boerestand mag wees, hulle mag wel meehelp, hulle mag wel verkiesings wen, dog revolusies na links of na regs word in die groot nasionale sentra tot welslae gevoer of tot ineenstorting gedoem. Dis 'n punt waaroor dit nie nodig is om uit te wei nie. Die kommunistiese leiers, Duclos en Thorez in Frankryk, Togliatti in Italië weet dit en besef dit miskien beter as enigeen, dis die grondslag van hul politieke opleiding en optrede. Hulle van alle toeskouers sal die stuiptrekkings van die naderende einde nie kan miskyk nie: **Rome, Oslo, Lyon, Marseille, en tot die „rooi gordel" van Parys het die aangesig teen die kille dood wat Oos-Europa reeds in sy bevrore greep gevange hou gekeer. In die Franse stede het 'n sewende van die Kommuniste se ondersteuners by die stembus binne 'n jaar afvallig geraak. Met 'n bittere glimlag sal hulle, die politieke prinse van die Huis van Lenin, die handhawing van hul posisie op die platteland en in die klein stede betrag, die gawes van 'n spottende Noodlot wat hul met die een hand hierdie waardelose toegif gee en met die ander die enigste fondamente waarop hul hul koninkryk kan vestig in die stede vernietig.**

### NUWE VRIENDE I.P.V. OUES?

Dis nogal interessant om die loop van sake wat op dié dilemma vir die kommuniste uitgeloop het na te gaan. 'n Beweging in die eerste plek vir die proletariaat, nie alleen weens bogenoemde taktiese oorwegings nie, maar ook weens die wysgerige opvattings van Karl Marx en Lenin wat die kommunisme ten grondslag lê, is die inval op die stede toegespits. Vir die verowering van mag moes hulle egter op wyer kringe 'n beroep begin doen en hulle het veral in die na-oorlogse jare hul bekeerlinge in plattelandse distrikte en in die kringe van sekere groepe van intelligensia gesoek en gevind. Plotseling het tans egter hul tuisvestings begin tuimel, hul gewaande kragbronne van vroeër begin ineenstort juis op 'n tydstip toe die nuwe verowerings saam met die oue hul die louere van oorwinning binne bereik sou bring.

**As die kentering is wat dit skyn dan het die kultuur en beskawing van die Weste soos ook ons dit ken in die stilte 'n veldslag om selfbehoud gewen.**

**Die Aandland leef voort.**

# DOELTREFFENDE MIDDEL TEEN RUMATIEK

**'n Nuwe middel teen rumatiek is so pas vir die eerste maal in Suid-Afrika op die proef gestel met goeie gevolg, en daarmee is hoop gebring aan talle lyers van hierdie kwaal.**

**Die behandeling is een van die eenvoudigste wat bekend is en werk met verbasende snelheid. Dit bestaan daarin dat die bloed van 'n swanger vrou in die rumatieklyer oorgetap word.**

'n Hongaarse dokter, Imre Barsi, het op hierdie gedagte gekom na aanleiding van die feit dat vroue wat aan rumatiek ly, gewoonlik vry van aandoening is tydens hul swangerskap. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat daar dus iets in die vrou se bloed moet wees wat rumatiek teenwerk, en het met 'n reeks proefnemings begin. Die gevolge was verrassend goed.

Hy het bevind dat hoewel daar sekere soorte rumatiek is wat nie deur die behandeling genees kan word nie, dit in baie gevalle 'n onmiddellike en duursame herstel teweegbring.

### IN JOHANNESBURG

'n Artikel in 'n mediese tydskrif hieroor is deur 'n Randse dokter gelees en hy het besluit om dit op die proef te stel. Hy het 'n man van sestig jaar wat al 17 jaar lank aan rumatiek ly en vir die afgelope twaalf maande bedlêend was, uitgekies vir die doel. Op 2 November het hy die bloedoortapping gegee en sedertdien het die pasiënt vinnig herstel en is vandag in staat om rond te stap sonder hulp van 'n kierie. Die pyne waaraan hy gely het, het dadelik verdwyn, hoewel sy litte nog 'n bietjie stram was na 'n maand. Die dokter meen dat hy in die volgende drie maande heeltemal sal herstel.

## Van Sewe Klein Konings Bly Net Een Nog Oor

**Die kommunistiese bewind in Roemenië het koning Michael gedwing om verlede week te abdikeer en Roemenië is 'n paar uur na die aankondiging tot 'n republiek verklaar wat bestuur sal word deur 'n presidium van vyf lede. Hiermee het die Russe die hele Balkan skoongeveeg van konings en terselfdertyd die stryd tussen hulle en koning Michael oor sy aanstaande huwelik beëindig.**

Dit is die sesde koning wat sedert die uitbreek van die oorlog in Suidoos-Europa van sy troon gestoot is, en dit is nog net koning Paul van Griekeland wat op sy wankelende troon bly sit.

In werklikheid was koning Michael reeds geruime tyd niks anders as 'n gevangene van die Russe nie. Met die huwelik van prinses Elizabeth is aanvanklik geweier om hom daarheen toe te laat omdat hy dan net „Roemeense wasgoed sou gaan uithang het in Londen". Hy is later toegelaat omdat geen behoorlike verskoning aangebied kon word nie, maar toe hy in Londen verlief raak op prinses Anne de Bourbon-Parma, het die Roemeense regering 'n stok daarvoor gesteek.

## Verlamde Skrik Haar Lam en . . Hardloop

**'n Italiaanse meisie van 25 jaar wat sigarette op die sluikmark verkoop en baie jare lank in albei haar bene lam was, het so groot geskrik toe die polisie haar in 'n klopjag verras het, dat sy opgespring en weggehardloop het om inhegtenisneming vry te spring.**

**Later het die meisie na 'n kerk gegaan om dank te betuig vir die wonderwerk.**

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

# VERHALE OOR DIE KAMP: 'N WEDSTRYD

Met die doel om interessante voorvalle uit die interneringslewe te boekstaaf, is 'n mededeling deur 'n oudgeïnterneerde uitgeskryf waarin altesame sewe pryse uitgeloof word aan diegene wat die interessantste verhale skryf oor enige onderwerp in verband met die kamplewe.

In 'n omsendbrief lui dit o.a.:

„Koffiefontein se kamp en dorp was soms in rep en roer, veral as 'n ou deur die draad gekruip het, of oor die draad gespring het, of met 'n motorvleiswa deur die draad gejaag het, of soos 'n soldate-kaptein by al die hekke deurgestap en aan die hekmanne die wagwoord gegee het en deur hulle gesalueer is. Hierdie vindingrykheid sal beslis vir vriend en vyand baie interessant wees."

Daar word dan vier geldpryse van £2-10s., £1-10s., £1 en 10s. en drie boekpryse uitgeloof vir die persoon wie se vertelling die egste en interessantste is.

Die aankondiging lui dat taalbekwaamheid nie juis 'n vereiste is nie, daar meer op die egtheid en inhoud gelet sal word.

Navrae kan gerig word aan Prysvraag, P/a posbus 3638, Kaapstad.

## Russe Verskuif Duitse Bevolking Soos Vee

**Die Russe is koorsagtig besig om uranium (die erts waaruit die atoombom gemaak word) in die Suide van Sakse te grawe en dit weg te ry na Rusland waar dit verwerk word. Duisende van die Duitsers in die omgewing is verplig om in die myne te gaan werk. Selfs vroue word nie ontsien nie.**

**Intussen is die Russe besig om ook 20,000 Duitsers as mynwerkers van elders aan te karwei en hulle in Mariensburg af te laai. Dit is egter maar 'n klein plekkie en as gevolg van die oorlogsverwoesting is daar min herberg.**

**Vir die Russe was dit egter geen struikelblok nie. Al die inwoners van Marienburg, oud en jonk, wat nie geskik is om as slawe in die myne te werk nie is aangesê om hulle klaar te maak om na Olbernhau verskuif te word. Die bevele het onder meer gelui: „Julle sal binne 'n paar dae meer besonderhede verneem en julle sal seker daarvan hou om na Olbernhau te gaan, aangesien daar nie myne ontgin sal word nie".**

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na **Posbus 28, Stellenbosch,** en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

## NUWEJAARSWENSE

**DIE GROOTE SCHUUR VROUE-KOMMANDO**

wens die K.G. en alle offisiere en Brandwagte van die volksbeweging 'n deurslaggewende 1948. 7/1/1

**MNR. EN MEV. P. FERREIRA** (vroeër Kirkwood) wens al hul familie en vriende 'n voorspoedige Nuwejaar toe. 7/1/1B

## HUWELIK

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## IN MEMORIAM

**CHRISTIAAN MOCKE†**

*Ter Liefdevolle Nagedagtenis aan CHRISTIAAN MOCKE (KIEP). Heengegaan op 4 Januarie 1945.*

Sy vriende was nie alleen onder die welgesteldes nie, maar ook onder die armes en behoeftiges. Want hy het 'n barmhartige en sagte hart besit.

Beaufort-Wes.

17/12/2B.

## BENODIG

**GESKOOLDE BLANKE WERKERS** om behulpsaam te wees in ingenieursbesigheid. Goeie vooruitsigte. **GELDENHUYS - INGENIEURSWERKE,** Wynnestraat 13, Parow. 26/11/4.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.—Pryslys verkrygbaar.** Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: **PREMIERS, SCHOEMANSHOEK.** 20/8/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½lb. Handelsnavrae verwelkom. — **KARROO-SAADVERSPREIDERS,** Posbus 107, **OUDTSHOORN.** 20/8/TK

**LUSERN MEEL.** — Koop by 'n Afrikaanse Firma wat net die beste voorsien:— Lusernmeel 9/- per 100 pd. tot 4 ton, daarna £8 10/- per ton. **GEBAALDE LUSERN:** £6 10/- per ton. Gelewer Koffiefonteinstasie. Stuur leë sakke vir Lusernmeel. — **MOUTFABRIEK & MEULE,** Koffiefontein. 10/12/4B.

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — **HERHOLDT SE BOOMKWEKERY,** Posbus 660, **JOHANNESBURG.** AA/26/3/TK

## GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

**MEUBELS.** — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop.
**Raadpleeg: NIEK NEETHLING,** Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL,** Langstraat 291, **KAAPSTAD.** Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**
**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies.** Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

## MEUBELS

**MEUBELS.**—Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminium-kastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

## PENMAATS

**DUISENDE** meisies en kêrels wil graag korrespondente hê. Streng vertroulik. Stuur gefrankeerde koevert om gratis besonderhede aan:—**DIE POSDUIF - KORRESPONDENSIE-KLUB,** Posbus 5, Lothair. 10/12/4B.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: **KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4,** Arbeidsloon, **BLOEMFONTEIN.** 21/5/TK

**VRIENDE:** Ek lewer sout in goeie graansakke—A1, 59/-; No. 1, 54/-; en No. 2, 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg en onmiddellike versending.—**S. J. DE BEER,** Soutwerke, P.K. Florisbad. 5/11/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**BELGIESE TAPYTE:** G. K. G. bied aan pragtige Belgiese tapyte van uitstaande kwaliteit en vaste kleure. 5 vt. 7 dm. x 8 vt. 10¼ dm. £8/17/6. 6 vt. 6¾ dm. x 9 vt. 10 dm. £11/12/6. 7 vt. 10¾ dm. x 11 vt. 2 dm. £15/15/- Kan besigtig word te **WYNNESTRAAT 13, PAROW.** 26/11/6.

**LUSERN.** — Koop u lusern direk van die produsent wie vir sy eie produkte verantwoordelik is. Skryf of telegrafeer vir besonderhede en prysopgawe — **N. WIENAND,** P.K. East Poort, K.P. 3/12/7.

**LUSERN TE KOOP.** — Nuwe seisoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. **J. H. STIEMIE,** Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. **Telegramme:** Stiemie. 10/12/3.

**PANORAMA GEREGISTREERDE,** swart, driekleur, **SKOTSE KOLLIE HONDJIES.** Ouers van die beste in Land. Goeie werkers met bees en skaap, gebore 6 Nov. 1947. Gereed vir versending. K.M.B. Prys, reuntjies £6, Tefies £4.—**S. W. VORSTER,** Panorama Kennels, Spes Bona, Motkop, K.P. 17/12/2B.

**TWEE AIRDALE-TEFIES,** opgeregteeld, 4 maande oud, baie mooi en gelewer Lauterwater-sylyn.—**MEV. G.** uitstekende waghonde. Prys £2 stuk, **VAN ROOYEN,** P.K. Lauterwater. 7/1/2


# Gebied A se Boerejeug Hou Laertrek

(Vervolg van bladsy 7)

wisseling is gebied op Dingaansdag deur 3 praatjies: vir die dogters, 'n uiters interessante en aangename voorlesing oor Blomme en hul rangskikking deur kommandante Hugo van Franschhoek; vir die seuns; 'n inspirerende boodskap oor Grondbewaring deur genl. Max Smuts en in die aand by die laervuur het genl. adv. J. de Vos van Kaapstad die laergangers en 'n gawe span besoekers uit die dorp en omstreke toegespreek oor die Nuwe Dingaanstryd in ons Vaderland.

Veral hoog is die moeite waardeer van ouers en belangstellendes wat ons Laer besoek het en daar self insig in die organisasie en werk verkry. Hul het van Observatory, Wellington, Goudini, Paarl, Kaapstad, Stellenbosch gekom. Op Vrydag, 19 Desember, het Wag-generaal Richter, genl. Willie Marsh en 'n geselskap met genl. Kamffer, ook die laer besoek.

### STAF-OFFISIERE

Iewers moet die sleutel tot die sukses van hierdie Laer gesoek word en kwalik kan dit anders as in die lieflike gees van broederskap wat die staf-offisiere se samewerking en pligsvervulling gevind word. Dit het die Boerejeug ge-inspireer.

Veral gaan ons dank uit na ons Laer-moeder, mev. M. C. le Roux en mnr. R. le Roux van Goudyn, Rawsonville, vir die mooi manier waarop hul hul by die jongspan ingeleef het.

In bevel van die Laer was gebieds-jeughoofkommand. Ben Pienaar en later J/Hkdt P. Taljaard. Ass't-Jeughoofkdte Aletta Cloete was oor die dogters gestel en hoofkommandante Lenie Roos oor die Kleingoed en hul spesiale programme. As staf-offisiere het gedien: Mev. R. Hofmeyr, mej. Elfie Strassberger, mejj. Betty en Kina Botha, mej. Maria Retief en as assistente vir hul mejj. Louisa Botes, Christina Theron, Sannie le Roux, M. C. le Roux. As kommandante het gedien C. W. le Roux, G. J. Rousseau, Chris. Hanekom, en as hul assistente A. Bredenkamp, A. Viljoen en Johan Visser.

### AFSKEID

Vrydagaand is die groot afskeidsvuur met 'n konsert en joernaal afgesluit. Menige laerganger wou geen tent afslaan nie. In die gees van die afskeidslied is die span toe huistoe met 'n:—

Vaarwel geliefde laertrek,
vaarwel.
Ons moes alreeds die ure tel,
vaarwel.
Ons hart voel swaar dat ons
moes skei,
dat ons nie bymekaar kon bly...
Dit gaan jul goed — Vaarwel!


**BOEREJEUGHOOFKWARTIER**

**Neem asseblief kennis dat die adres van Boerejeughoofkwartier voortaan as volg sal wees:—**

***POSBUS 1059,***

***(Sanlamgebou 616),***

***PRETORIA.***

**Briewe moet asb. nie aan *persone* geadresseer word nie maar aan**

***DIE JEUGLEIER, of BOEREJEUGHOOFKWARTIER.***

***Korrespondensie i.v.m. „Vuurslag" gaan ook aan bostaande adres.***


# Boerejeug Ontvang Pryse

Verskeie lede van die Skiereilandse Boerejeug het op 9 Desember boekpryse ontvang vir flinke diens en goeie gedrag gedurende die afgelope jaar. Dit is deur jeugveldkt. J. H. du Toit aan Boerejeuglede oorhandig by geleentheid van 'n Oueraand in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou.

Jeugkomdt. Ben Pienaar het die noodsaaklikheid beklemtoon dat elke O.B.-ouer sy kind moet toelaat om lid van die Boerejeug te word. Uit die Boerejeug word die O.B. van môre gebore. Die Boerejeug probeer om 'n span flinke klein Boertjies te kweek wat weet wat hulle wil doen. Hulle word opgebou na liggaam en gees. Die laertrekke is veral baie belangrik in die opleiding van die jeug. Spr. het die ouers uitgenooi om die laertrekke meer te besoek en te sien wat daar gedoen word.

Gedurende die aand was daar ook 'n interessante uitstalling van Boerejeugkiekies wat geneem is by geleentheid van uitstappies en laertrekke.



**'n Groep van die Boerejeug-laergangers op Middag-krans, Franschhoek.**

# 50 JAAR SE SPAARGELD IN ROOK OP

**'n Sjinese Vrou van 96, wat al haar spaargeld weens die heersende inflasie verloor het, het aan skok gesterf.**

**Sy het haar spaargeld van vyftig jaar — meer as 4000 Sjinese dollar—aan haar seun gegee om 'n vrugbare stukkie grond te koop. In stede daarvan het hy vyf sigarette, wat plaaslik gemaak is, vir die geld gekoop. Die vrou het aan skok gesterf toe sy die nuus verneem.**

# Groot Stroom Voedselpakkies

**Die stroom voedselpakkies na Brittanje word van maand tot maand meer. Tydens Augustus het Kaapstad meer as 33,000 pakkies na Engeland gestuur. Twee maande later, in Oktober, was die totaal reeds oor die 66,000, en in November het dit die hoogtepunt van oor die 121,000 bereik. Hierdie syfers hou geen rekening met die pakkies wat in ander stede van die land opgemaak word nie.**

# Baba By Geboorte Aan Drank Verslaaf

'n Pasgebore baba in Amerika het heeltemal normaal voorgekom, maar hy was skaars drie dae oud of hy het begin huil, opbring, tekens van stuiptrekkings begin toon en na sy asem begin snak — alles tekens van iemand wat aan drank verslaaf is en daarvan onthou word.

Dit het toe geblyk dat die baba se moeder verslaaf is aan drank en dat die baba se sisteem voor geboorte ook hieraan verslaaf geraak het. Na sy geboorte is die kind van sy toevoer van alkohol afgesny en sou, volgens medici, gesterf het as hy nie dadelik alkoholinspuitings ontvang het nie. Dit is geleidelik verminder totdat die baba na agt weke heeltemal normaal en van die drank gespeen was.

# Heuning In Kleure en Geure

'n Amerikaanse bye-teler, E. C. Close, het aansoek gedoen om 'n patent vir 'n proses om heuning in ses verskillende kleure en geure te produseer.

Close het gesê dat, nadat hy twee jaar lank proefnemings gedoen het, hy daarin geslaag het om sy bye heuning in aarbei- sjokolade-, suurlemoen-, pynappel- en peperment-geure te laat maak, elkeen-waarvan paslik gekleurd is.

Die bye word gehou in glaskorwe wat elektries verhit word en die temperatuur waarvan deur 'n termometer beheer word. Hulle word gevoed deur 'n spesiaal-voorbereide stroop en stuifmeel.

Kleursel word by hul stroop gevoeg om die vereiste kleure te kry.

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 7 JANUARIE 1948.

# Nuwe Geleenthede Lê Voor

## „Boerejeug Trek Op!"

Die nuwe jaar bied vir die Boerejeug nuwe geleenthede om sy taak met hernude kragte voort te sit. Gedurende 1947 het die Boerejeug, nieteenstaande kwaai teenkanting, sy wortels diep ingegrawe en deur koersvaste optrede in die behoefte aan 'n omvattende volksjeugbeweging voldoen. Hierdie jaar gaan hy hom daarop toelê om sy afdelings verder te versterk en sy organisasie so te skik dat dit ook ander vertakkinge van ons jeuglewe kan dek.

### TUISAFDELINGS

Vir offisiere van tuisafdelings bied die nuwe jaar die geleentheid om met nuwe lus die werksaamhede in hulle afdelings aan te pak. Veral sal offisiere gedurende die eerste kwartaal hulle daarop kan toelê om die organisasie van die afdeling agtermekaar te bring. Elke jaar kan daar nuwe lede tot die organisasie toegevoeg word waar 'n offisier dit sy doel maak om reeds vanaf die eerste skooldag die Boerejeug onder die aandag van skoliere te bring.

Waar skoolkoshuise in die verlede nie veel aandag geskenk is nie, sal dit die taak van elke offisier wees om gedurende hierdie jaar hierdie inrigtings spesiale aandag te skenk.

Die propagering en uitbouing van die sirkulasie van die Boerejeugblad „Vuurslag" sal ook hoog op die agenda van elke offisier geplaas word. Offisiere moet dit as hulle ernstige plig beskou om te sorg dat elke lid in sy of haar afdeling, ook elke skool en O.B.-lid hierdie jaar op „Vuurslag" inteken!

Teneinde offisiere met raad en hulp by te staan, sal spesiale verlof toegestaan word dat plaaslik 'n klein komitee gevorm word wat uit die offisier en O.B.-ouers bestaan wat gereeld Boerejeugsake kan bespreek.

Nog 'n baie belangrike plig van elke Boerejeug offisier, is om alle kragte hierdie jaar in te span om soveel moontlik van sy lede die Boerejeug-uniform te laat aanskaf. Die drag van die seuns sal eersdaags verkrygbaar wees, wat seker vir elke Boereseun blye nuus is. Hou maar ons blad dop vir besonderhede, en kry die geldjies solank bymekaar.

### UNIALE-ORGANISASIE

Volgens besluit van die Groot Raad word Boerejeughoofkwartier vanaf hierdie jaar na Pretoria oorgeplaas waar dit in die Uniale-Organisasiehoofkwartier gesentraliseer word.

Die kantoor sal dan in Sanlamgebou 616, Pretoria, wees — of, as offisiere wil skryf, kan hulle die briewe aan Posbus 1059, Pretoria rig.

Deur hierdie verskuiwing word die Boerejeug nou in baie nouer kontak met die O.B.-organisasie en ook sy ander vertakkinge soos die Kommandowag gebring, wat hom dadelik in staat stel om sy werksaamhede in nouer voeling met hierdie ander dele van ons Volksbeweging uit te werk.

Die bevel van die Boerejeug berus nog steeds by ons geliefde jeugleier, genl. Dirk van Rooy— dit is slegs die administratiewe pligte wat gesentraliseer word.

Hoofkomdte. L. Roos is 'n jaar studieverlof toegestaan en bly vir hierdie doel op Potchefstroom. Sy sal egter nog vir die redaksionele sy van „Vuurslag" verantwoordelik bly, waar haar dienste baie waardeer word. Alle korrespondensie, ens. i.v.m. „Vuurslag" moet egter nou aan Pretoria gerig word.

Vir ons offisiere kan ons miskien so 'n voorlopige geheimpie verklap. Daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat die studenteorganisasie van die O.B. ook nog hierdie jaar onder ons jeugleier ingeskakel gaan word. Hieroor wil ons op die oomblik nog nie baie sê nie, maar die van julle wat hierdie jaar Universiteit-toe is, is een van die dae miskien weer in ons geledere.

En vir ons kamerade wat reeds bo 18 jaar is en nie meer nie — hoe lyk dit vir so iets aan die Boerejeug kan behoort soos „Lenteskole?" julle weet mos, sulke groot, aangename vakansielaers! Miskien kom dit. Hou die oë maar goed oop.

En so met nuwe hoop en ideale gaan die Boerejeug die nuwe jaar tegemoet. Aan ons offisiere wil ons sterkte toewens om te lei en aan ons Brandwagte sê ons „Opskud, daar lê 'n lekker jaar voor!"

## Kersboom Op Middagkrans

Teen die laat namiddag van Saterdag, 20 Des., het die laaste paar Boerejeug-kampgangers vanaf Middagkrans, Franschhoek, die plaas van hfgenl. Max Smuts, vertrek. Vir een en almal het die agt dae te gou omgevlieg. Baie nuwe vriendskapsbande is geknoop, en van alle kante het jy net gehoor: „Tot siens tot aanstaande Desember".

Die selfde aand is 'n Kersboom op Middagkrans gehou vir die plaaslike Boerejeug. Elkeen het sy presentjie gekry en is verder mildelik getrakteer. So is 'n baie genoeglike aandjie saam met die jongspan deurgebring.

## GEBIEDSRAAD VERGADER

**Die Weskaaplandse Gebiedsraad (Gebied A) vergader op 23 en 24 Januarie in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou. Besprekingspunte moet die hoofkwartier voor 17 Januarie bereik.**

## Vryheids-dag Seëls




**Een pennie elk. Verkrygbaar vanaf 1 Februarie by u plaaslike Jeugveldkornet (te) of direk by Boerejeughoofkwartier, Bus 1059, Pretoria. U kan enige hoeveelheid bestel.**

*AMAJUBA ROEP!*

GROOT

## VRYHEIDSDAGVIERING

OP

## AMAJUBA

**27 FEBRUARIE 1948**

•

***Bevelvoerende Offisier:***

ONS KOMMANDANT-GENERAAL

•

**Vanwaar u ookal is, kom vier saam met u kamerade vanuit die hele Unie Vryheidsdag op die Berg van Oorwinning!**

**HOU „DIE O.B." DOP VIR NADERE BESONDERHEDE.**

# GEBIED A SE BOEREJEUG HOU LAERTREK

**13 tot 20 Desember 1947 was weereens 'n week van heerlike samesnoering en ontspanning vir die Boerejeug van Gebied A. Verseker in die gulle gasvryheid van hoofgeneraal en mev. Max Smuts het 110 offisiere en Boerejeug-lede laergeslaan op Middagkrans, Franschhoek.**

Boerejeug het van oraloor uit Gebied A gekom: Clanwilliam, Sutherland, Malmesbury, Paarl, Wellington, die Skiereiland, Bellville, die Strand, Stellenbosch, Worcester, Rawsonville, Robertson en selfs van George. Be-



Kos en nogmaals kos — maar die kommissariaat het voorgebly in die Boerejeug-laer te Franschhoek.

sonder gelukkig was die laer om onder hul offisiere die Jeugkommandante P. Taljaard en mej. Lenie Roos van Boerejeughoofkwartier, Potchefstroom te tel.

### WARE BOEREGEES

Besonders is hierdie Laer gekenmerk deur sy gemaklike en lieflike gees van kameraadskap. Soos onder ons Boere was spot, fyn en raak, aan die orde van die dag. Daartoe het veral die dagblaadjie **Tonteldoos** onder redaksie van die Staatsdrukker, Pans Taljaard, geweldig veel bygedra.

Die geesdrif is veral in die kommissariaat se sake kennelik aangeteken: elf skape was min vir ons Boerejeug. Almal het egter gelukkig die laer oorleef. Vrugte en groente is daagliks deur goedgesindes in die Laer afgelaai. Dit was heerlik.

### KNAP BOEREJEUG-ORGANISASIE

Soos met reëlings van die Boerejeug gaan, het 'n stempel van deeglike diens in organisasie-behoeftes hierdie Laertrek gekenmerk. Die voorhoede is die vorige Woensdag onder leiding van J/Vldt. Bredenkamp van Observatory, J/Kdt. Kallie le Roux en Wilkenson (alias „Winkel") reeds na Franschhoek. Daarvandaan het alles vlot gegaan.

'n Verdere tasbare spoor van Boerejeug-werk is met die vriendelike toestemming en hulp van genl. Max Smuts afgedruk, toe die langverlangde skerm van ses-voet houtsparre netjies om die kombuis en eet-plek opgerig was. Die waarde en voordeel daarvan hoop ons, sal baie BJ-laers nog dien.

### NUWE LAER-VOORLIGTING AAN BOEREJEUG

Teneinde Boerejeug en offisiere in staat te stel om afrigting van blywende en deeglike grondslag te verkry, is die hele span laergangers in 7 groepe ingedeel: Weeluise, Waterkrieke, Kraaie, Krappe, Springbokke, Leeus, Olifante en Nagapies. Aan ieder groep is dur bekwame instrukteurs voorligting om die beurt in Noodhulp, Morse, Semafoor, Velddiens, Spoorsny, Wag-afrigting en Seremoniële Parades gegee. Kosbare werk is verrig wat in kleinere sametrekkings voortgebou sal word.

'n Groep ass.-kommandantes het die staf-offisiere van die laer bygestaan en deeglike insig en kennis van laer-organisasie verkry.


'n Besondere interessante en prikkelende periode van samesprekings oor aktuele vraagstukke is ingestel net na die etensuur. Bywoning was vrywillig maar ieder byeenkoms het meer Boerejeug gelok. Harde debatte en vrye bespreking het gewoed oor kwessies soos: Die vereistes van 'n Jeugbeweging; Die plek wat dissipline moet inneem; Die O.B. en die verkiesing; Deelname aan die volgende Oorlog; Ons standpunt jeens die Naturel en Nie-blanke in die O.B.-staat; Wat is die konsekwensies van 'n Christelike Staatsbestuur? Onderwerpe is voor die voet uitgedeel vir voorbereiding deur 'n inleier en daarna het bespreking gevolg.

Tyd is afgestaan vir organisasie-voorligting en vrae. Min is seker meer bewus van die noodsaaklikheid van deeglik en pligsgetroue organisasie as ons Boerejeug. Die Laer het weereens getuig van die kosbare werk wat die Ossewabrandwag verrig in die op-en uitbou van karaktervolle staatsburgers.

### SPESIALE PROGRAMME OP FEESDAE

Sondag en Dingaansdag is baie stigtelik in die Laer gevier met kerkdiens en ernstige oordenkings. Aangename af-

(Vervolg op bladsy 6)



## *Kranslegging*

'n Gedeelte van die optog wat op 10 Oktober kranse gaan lê het in die konsentrasiekampkerkhof op Vryburg.

# Dobbelgees Woed In Engeland

**Voetbalweddenskappe is een van die grootste bedrywe in Engeland. Dit verskaf nie alleen aan 60,000 mense werk nie, maar dit hanteer ook jaarliks £40,000,000 wat deur een derde van die Britse volk op die uitslae van voetbalwedstryde verwed word.**

Nie al die wedders is egter so gelukkig soos 'n Londense pensioenaris en sy vriend wat saam ses sjielings op die uitslag van 'n wedstryd verwed het. Hulle was al persone wat die juiste telling aangegee het en het op een dag die aardige bedraggie van meer as £70,000 bekom. 'n Busbestuurder wat 'n sjieling in hierdie bedryf belê het, het £64,000 ryker geword.

Daar word geskat dat eenderde van die Britse volk — of 11,000,000 persone — gereelde deelnemers is aan hierdie voetbalweddenskappe. Die bedryf word in die pers en tydens rolprentvertoning gepropageer.

Duisende leeglêers of „spivs" wat hoop om 'n ietsie te wen doen niks anders as om die voetbalspanne te bestudeer nie; hulle, sowel as die 60,000 „amptenare" van die bedryf, word tans deur die Britse regering opgeskroef om produktiewe werk aan te pak. **Die regering staan egter voor die moeilikheid dat die gewone man op straat nie gewillig is dat die regering 'n einde moet maak aan hierdie dobbelbedryf nie. Hy is al te gewoond daaraan en vestig sy hoop vuriglik daarop dat hy nog eendag so sal ryk word.**

Die eienaars van hierdie „dobbel-maatskappy" is al miljoenêrs. Die gewone man wat sy suur verdiende geld aan hulle toevertrou moet maar net hoop dat daar eerlik boek gehou en nie gekonkel word nie.

# Slawe-Arbeid Bespaar V.S.A. Byna £200 Milj.

**Vierhonderd vyf-en-sewentig gevange Duitse wetenskaplikes is in die Verenigde State van Amerika werksaam in verskeie hoedanighede, insluitende navorsing ten opsigte van beheerde projektiele, aldus die Departement van Oorlog.**

Die betrokke wetenskaplikes — die beste onder dié wat deur die Amerikaanse leër gedurende die oorlog gevange geneem is — lewer noodsaaklike bydraes tot die Amerikaanse navorsing en ontwikkeling.

Hulle word gebruik in vliegtuignavorsing op die Wright-vliegveld, Ohio, en beheer projektiele te White Sands, New Mexiko. Verder sluit hul werksaamhede ook ander projektiele in.

**Daar word geskat dat hulle die Amerikaanse belastingbetalers net ten opsigte van vuurpyl-navorsing 750,000,000 dollar (sowat £187,500,000) sal bespaar.**

Deskundiges ten opsigte van die leër se spioenasiediens verklaar dat Rusland selfs 'n uitgebreider program van stapel stuur deur gebruik te maak van Duitse wetenskaplikes.

Behalwe die 475 Duitse wetenskaplikes wat tans besig is om aan projektiele in Amerika te werk, is 48 ander reeds na Duitsland teruggestuur nadat hulle hul kontrakte voltooi het.

By die ineenstorting van Duitsland het die Amerikaners spesiale eenhede gehad wat moes jagmaak op Duitse wetenskaplikes. Die kontrakte waarvan daar sprake is, was dus eintlik heel eensydige ooreenkomste.

## *V.S.A. Neem Duitse Las Op Hom*

Sedert verlede maand dra Amerika driekwart van die koste van die twee Duitse sektors onder Amerika en Engeland, volgens 'n nuwe ooreenkoms kort na die mislukte konferensie van buitelandse ministers verlede maand.

Die reëling hou in dat Amerika alle noodsaaklike lewensmiddele op eie koste sal verskaf en dat Brittanje skepe moet verskaf vir die vervoer van goedere uit Amerika na Duitsland, genoeg om twaalf vragte per maand moontlik te maak.

Vir Engeland beteken die nuwe ooreenkoms 'n besparing van ongeveer £200,000,000 per jaar aan dollar. Hy sal voortaan net sy administrasiekoste in die besettingsgebied moet betaal.

## *V.S.A. se Olie Raak Op*

**Amerika se natuurlike yster en oliebronne is vinnig besig om uitgeput te raak, volgens Harold Ickes, voormalige minister van binnelandse sake onder Roosevelt. Van 22 belangrike minerale, waarby hierdie twee ingesluit is, het die land nog net vir 36 jaar vredesvoorrade. Ickes het gesê dat die verbruik van olie gestyg het buite die vermoë van binnelandse bronne. „In die toekoms sal ons nie weer 'n oorlog kan wen sonder olie nie, en dit besit ons nie binne ons landsgrense nie."**

# RUSLAND SWAKSTE GEKLEDE VOLK IN EUROPA; LY OOK HONGER

**Hoever die Kommunistiese propaganda in die buitewêreld, wat 'n Russiese hemel aan hul slagoffers voorhou, afwyk van die waarheid, blyk uit die verslag van 'n Amerikaanse joernalis wat tydens die herdenking van die Kommunistiese rewolusie in Moskou aanwesig was en in staat is om die sluier oor toestande in Rusland bietjie op te lig. Dit blyk dat meeste van die Russe weens hul lae besoldiging op die grens van hongersnood leef.**

„Die hoogste voedselrantsoen vir arbeiders wat swaar werk doen, is nou 2,340 kalorië per dag. Groeiende kinders kry 1,114 kalorieë en afhanklike persone 892 (na bewering het die rantsoene van Beltsenkamp tussen 1,200 en 800 gevarieer). **Volgens Amerikaanse standaarde sal 'n Amerikaanse huis met vyf vertrekke wat 'n klein gesin herberg, in 1928 14 Russe moes geherberg het, in 1934 17 persone en 20 persone in 1937. Met die oorlogsverwoesting en ontwrigting moet dieselfde huis vandag 30 mense in Rusland herberg. Die Russe is die volk wat die slegste in Europa geklee is, hulle is selfs meer in vodde geklee as in 1917."**

**VERSKIL IN BROOD**

„Die gemiddelde Russiese werker kan 22½ pond brood met sy weeklikse loon koop, terwyl die Amerikaanse arbeider met sy week se loon 394 pond kan koop. Met sy weeklikse loon kan die Russiese arbeider 8.4 pond beesvleis koop, die Amerikaner kan 81.8 pond koop," skryf die waarnemer voorts.

Die Russe het fees gevier en gejuig tydens die herdenking— tot so 'n mate as wat hul kragte met 'n gemiddelde diëet van 1,500 kalorieë hulle toelaat. In Moskou was daar orals slagspreuke. Kosbare stukke materiaal wat kon gedien het om baie van die Russe se vodde te vervang en hulle te beskerm teen die koue van die winter, het die strate van die stad versier.

**ONGELETTERD**

Vir drie dae lank is daar fees gevier en was kos volop te koop, maar teen fantastiese pryse. Die fabrieke was drie dae lank gesluit, maar op die vierde dag moes die Russiese slawe maar weer werk-toe — so honger en sleg gekleed soos altyd.

Dit blyk ook uit onlangse internasionale statistieke dat byna 40 persent van die Russiese bevolking — volgens Russiese opgawes — ongeletterd is.

Hierdie verslag oor die lae lewenstandaard van die Russe strook met ander ontledings van die toestande in Rusland.

## *MIDDEL TEEN ATOOMSERE*

'n Amerikaanse professor, dr. William Clark, het by geleentheid van 'n konferensie verklaar dat 'n middel ontdek is wat moontlik 'n teenmiddel vir die uitwerking van die radioaktiewe strale van atoomkrag kan wees. Dit is 'n pas ontdekte plantkundige bestanddeel wat „rutin" genoem word. Proefnemings wat op diere uitgevoer is het aan die lig gebring dat dit die herstel van letsels deur uitstraling veroorsaak, bespoedig. Rutin word gevind in baie soorte groente en vrugte, veral in bokwiet, tamaties en lemoene.

## *Rusland 'n Hongertronk*

**Dertig miljoen mense in Rusland is honger en dakloos, het dr. Brandao, veteraandiplomaat van Brasilië, gesê by sy terugkeer uit Moskou. Hy was Brasilië se gesant in Moskou totdat diplomatieke betrekkinge tussen die twee lande in Oktober verlede jaar beëindig is.**

**„Die hele land is 'n tronk waarin niemand kan reis of enigiets vryelik mag doen nie. Selfs buitelandse diplomate in Moskou leef onder voortdurende bewaking en sonder enige vryheid van beweging," het hy gesê.**

## *Veel Dodeliker As DDT*

'n Nuwe insektegif wat baie dodeliker as DDT is, word deur 'n Amerikaanse maatskappy aangekondig. Dit staan bekend as Thiophos 3422 en word beskou as tot 25 keer so dodelik as DDT na gelang van die soort insekte waarteen dit gebruik word. Proefnemings het getoon dat dit onskadelik is vir boerderyprodukte sodat dit sonder spesiale toerusting aangewend kan word as 'n spuitmiddel.

## *PRO-RUSSIESE KANDIDAAT VIR PRESIDENTSKAP*

**Henry Wallace, voormalige Amerikaanse onderpresident, het aangekondig dat hy hom verkiesbaar gaan stel as onafhanklike kandidaat vir die presidentskap.**

Wallace is in 1946 deur pres. Truman op aandrang van Byrnes versoek om te bedank ná 'n toespraak waarin hy verskil het van die regering se buitelandse beleid, hoofsaaklik ten opsigte van Rusland. Inderdaad is hy baie pro-Russies en in sy toespraak verlede week het hy hom teen die Marshallplan uitgespreek omdat dit Europa in twee kampe verdeel. Hy beskou die huidige buitelandse beleid van Amerika as 'n onvermydelike afstuur op nog 'n wêreld-oorlog.

Die toetrede van Wallace tot die verkiesing stel die Demokratiese Party van wie Truman weer die kandidaat sal wees, in groot gevaar. Die Republikeine, wat nog moet kies tussen Dewey, Taft en Stassen, meen dat hul kanse aansienlik verbeter het na die besluit van Wallace. Intussen is daar ook sterk sprake dat genl. Eisenhower as kandidaat sal staan, moontlik vir die Republikeine.